

JD Kestell as veldprediker 1899-1902

Piet Strauss

Universiteit van die Vrystaat

straussp@ufs.ac.za

Abstract

JD Kestell as field chaplain 1899-1902

Reverend John Daniel (Father) Kestell (1854-1941) was a wellknown minister of religion in the Dutch Reformed Church. Through various actions he earned himself the nickname of “Father (Vader) Kestell” among his fellowmen. Although he supported the actions of the Republic of the Orange Free State and the Zuid-Afrikaansche Republic in the South African War (1899-1902), he declined to fight or take up a military rank. He instead tried to strengthen the faith in God of the burgers and acted as a medical assistant to Boer and Briton when needed. As a chaplain he only wanted to be a minister of religion, no soldier.

In this article the actions of Kestell as a Boer chaplain in the War of 1899-1902 are investigated: His motives for supporting the two Republics, his work as a chaplain, his belief in the providence of God, his emotional conflicts in case of Boer losses and his close relations to his president, MT Steyn and his chief of army, General CR de Wet. Kestell was a typical spiritual shepherd who had an openness to people and their needs and customs. He attracted those in need.

Keywords: Anglo-Boer War; South African War; Non-fighting chaplain; Preacher in military situations; Reasons for war reconciled with a Christian point of view; Chaplain’s concentration on faith and human qualities; Chaplain and patriot.

Probleemstelling

Vir ’n lojaal-kritiese Vrystaatse kerkhistorikus is daar ten minste drie redes waarom die tema *JD Kestell as veldprediker 1899-1902* aanloklik is.

In die eerste plek was Kestell die enigste veldprediker¹ uit die Republiek van

1 Die term “veldprediker” is deur Kestell self en deur biograwe van Kestell as ’n naam vir sy funksie by die Boerekommando’s in die ABO gebruik, JD Kestell, *Met de Boeren-commando’s. Mijne revaringen als veldprediker* (Amsterdam/Pretoria, Höveker en Wormser, 1902); PJ Nienaber, *Vader Kestell* (Pretoria, Tafelberg, 1971), p. 21; MCE van Schoor, *John Daniel Kestell* (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1992), p. 92. Omdat dit as ’n eietydse uitdrukking gebruik is, word dit ook hier gebruik.

die Oranje-Vrystaat (die Republiek van OVS 1854-1902) wat tot aan die einde van die Suid-Afrikaanse Oorlog of die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902² saam met die Boerekommando's³ in die veld gebly én oorleef het.⁴ Hoewel hy nie gewapen was, geveg of hom met krygsake bemoei het nie,⁵ het sy identifisering met die saak van president MT Steyn en generaal CR de Wet, die saak van die Republiek van die OVS in die Oorlog soos vergestalt in Steyn en De Wet, en sy teenwoordigheid op kommando van hom 'n bittereinder gemaak.⁶

In 1902⁷ verduidelik Kestell⁸ self die saak as volg:⁹

Ik dank God dat Hij mij in staat stelde om tot het einde in de commando's te blijven. En wat betreft het verwijt tegen het hoofd van de leidlieden des volks geslingerd, dat zij verleiders waren, kan ik dit zeggen dat ik nooit, zelfs niet in de donkerste uren, weten kon wat gebeuren zou, noch weten wat God voor ons volk besloten had – en dit was mij ook helder voor den geest: dat als iedere zaak opgegeven werd, toen zij schijnbaar hopeloos was, dan waren vele van de heerlijkste overwinnigen, die de wereld gezien heeft nooit behaald.

In die tweede plek wou Kestell as 'n sielsorger en veldprediker onder sy eie mense op kommando dien. Vir hom was sy aansluiting by die gemeentede van Harrismith wat op kommando was en van wie hy die voltydse leraar sedert 12 Januarie 1894 was, 'n uitvloeisel van sy roeping as herder en leraar. 'n Saak waaroor hy vooraf saam met sy vrou Truida "ernstig" gebid het om "tot helderheid te kom". Daarom is hy met die kommando van Harrismith einde Oktober 1899 oor die Drakensberge waar hulle aan die beleg van Ladysmith sou deelneem.

In die derde plek was Kestell as 'n teoloog en 'n skrywer van populêr godsdienstige stof, 'n bekwame verwoorder van die saak van die Boerepublieke

2 Die term Anglo-Boereoorlog dui op die state (Groot Brittanje aan die een kant en die Republiek van die Oranje-Vrystaat – Republiek van OVS – en die Zuid-Afrikaansche Republiek – ZAR – aan die ander kant) wat kragtens hulle aard as state die oorlog deur middel van 'n ultimatum verklaar het. PJ Strauss, "Volksbande of etiese gronde", *Kaleidoskoop 2000* (Bloemfontein, UV, 2000), p. 95.

3 T Pakenham, *Die Boereoorlog* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1979).

4 PB van der Watt, *Die Ned Geref Kerk 1824-1905* (Pretoria, NG Kerkboekhandel Transvaal, 1980), p. 196; PJ Strauss, "Afrikaners se godsdienstebeleving tydens die ABO: Aantekeninge oor JD Kestell en AP Kriel", *Afrikanerspektiewe op die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Pretoria, FAK, 1998), p. 76.

5 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 4; PJ Nienaber, *Vader Kestell...*, p. 21.

6 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 120; Sien die Bittereinderbeeld by die Nasionale Vrouemonument, MCE van Schoor, *Die Nasionale Vrouemonument* (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1993), p. 25. MCE van Schoor, *'n Bittereinder aan die woord. Marthinus Theunis Steyn* (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boerepublieke, 1997).

7 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 285; MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, pp. 59; 80.

8 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 59.

9 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 80.

in die ABO (die Republiek van OVS en die Zuid-Afrikaanse Republiek of ZAR). In hierdie hoedanigheid tree hy reeds aan die begin van die ABO op. Terwyl hy saam met die burgers van Harrismith, Natal toe trek skryf hy “in die skoonheid van die aangrypende Drakensberge” ’n ope brief aan die “British Nation” wat op 24 Oktober 1899 in *De Express* verskyn. Sy mikpunt is om sy standpunt oor waarom die Boere nie die aggressiewe Britse Imperialisme kan aanvaar nie, “wêreldkundig” te maak.¹⁰ Kort ná die oorlog in 1902, verskyn Kestell se “Met de Boeren-commando’s. Mijne ervaringen als veldprediker”. Dit word uitgegee in Amsterdam en Pretoria. Hierin stel hy sy oortuiging dat Brittanje in sy miskenning van die reg op onafhanklikheid van die twee Boerepublieke, hulle ’n groot onreg aandoen.¹¹ Soos president Steyn was Kestell daarvan oortuig dat sleutelfigure in die Britse Regering die Republieke en die Afrikanervolk wou uitwis. Hy glo egter dat die Here die Afrikaner nie sal laat ondergaan nie. Die God van Abraham, Isak en Jakob is ook hulle hulp in benoudheid.¹² Hierdie houding van Kestell werk in op sy belewenisse van die oorlog en lê ’n kant van sy alledaagse ervaring met God bloot.

Teen hierdie agtergrond wil hierdie artikel, *JD Kestell as veldprediker 1899-1902*, in perspektief plaas: wie was JD Kestell, hoe het hy die taak van ’n veldprediker verstaan, hoe het hy die oorsake en die redes vir die betrokkenheid van die Boererepublieke by die oorlog met sy geloof versoen, watter uitwerking het die terugslae aan Boerekant op sy geloofstemming gehad, sy verhouding met sleutelfigure soos MT Steyn en CR de Wet en ’n evaluering van sy rol as veldprediker in die oorlog.

Vader Kestell

In die slothoofstuk van sy biografie oor JD Kestell bespreek PJ Nienaber die titel “Vader” Kestell wat “die Afrikaanse volk” aan hom “toegeken het”. Volgens Nienaber getuig hierdie naam van die “ganse liefde” wat “die Afrikaners” vir Kestell gehad het. Die titel is nie in sy hoë ouderdom aan hom gegee nie – hy was met sy dood op 9 Februarie 1941 slegs 6 dae weg van ’n rype 87 jaar – maar omdat hy ’n vader vir sy volk was. ’n Vader wat begaan was oor hulle geestelike en materiële welsyn. Hy was klein van persoon, nederig en

¹⁰ MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 78.

¹¹ PJ Strauss, “Volksbande of etiese gronde...”, *Kaleidoskoop 2000* (Bloemfontein, UV, 2000), p. 102. Kestell beweer dat die Britse Regering met sy ignorering van die voorwaardes van die ultimatum van die ZAR duidelik gewys het dat hy “oorlog verlangde”, JD Kestell, *Met de Boeren-commando’s...*, p. 2.

¹² JD Kestell, *Met de Boeren-commando’s...*, pp. 42, 169, 285; MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, pp. 95, 103, 118, 120.

sagmoedig van aard, eenvoudig en “diep-innig” in sy redevoering. Maar, van hom het daar geestelike inspirasie uitgegaan. President Steyn het na afloop van die Oorlog verklaar dat Kestell – as veldprediker – vir hom meer beteken het as ’n hele kommando.¹³

’n Bevestiging van die plek wat Kestell onder – veral – Vrystaatse Afrikaners ingeneem het, blyk uit die feit dat hy saam met president Steyn en generaal De Wet in die binnehof van die Vrouemonument begrawe is. Hier het die sogenaamde Vrystaatse Driemanskap in die Oorlog as die staatsman, krygsman en “godsmen” ’n gemeenskaplike rusplek gevind.¹⁴ Juis omdat die Vrouemonument aan die Oorlog verbind word, is die Driemanskap op aandrang van die Afrikanergemeenskap hier begrawe.¹⁵ Die Britse weldoener Emily Hobhouse en mev Tibbie Steyn is ook – om dieselfde rede met steun uit dieselfde gemeenskap – hier begrawe.¹⁶ In sy voorwoord tot die program by die onthulling van die Vrouemonument op 16 Desember 1913, noem President Steyn die monument iets wat “als het ware” die graf van duisende vroue en kinders is. Hulle wat tydens die Anglo Boere Oorlog in Britse konsentrasiekampe “en elders ten gevolge van den oorlog 1899 - 1902 zyn besweken”.¹⁷ As inisieerder van die monument het President Steyn hiermee meegewerk aan die behoefte om sekere mense hier te begrawe.¹⁸

Die waarderende titel “Vader van sy volk” spruit uit meer oorwegings as JD Kestell die veldprediker. Hierdie stelling word gestaaf uit ’n opsomming van sy lewe en dit waaraan hy verbind word.

As predikant was Kestell die leraar van die volgende gemeentes van die Ned Geref Kerk: Dutoitspan (1881), Kimberley (1882), Harrismith (1894), Ficksburg (1903) en Bloemfontein (1912). In die tyd dien hy driemaal as moderator van die Vrystaatse Sinode van die Ned Geref Kerk: 1909, 1912 en 1916. In 1919 word hy redakteur van *De Kerkbode* in Kaapstad. Vanaf 1920 - 1927 is hy die rektor van die Grey-universiteitskollege (die latere Vrystaatse Universiteit) in Bloemfontein. Hy word die eindredakteur van die Nuwe Testament van die eerste vertaling van die volledige Bybel in Afrikaans, die

13 PJ Nienaber, *Vader Kestell...*, p. 91.

14 MCE van Schoor, *Marthinus Theunis Steyn – regsman, staatsman en volksman* (Pretoria, Protea, 2009), p. 288; PJ Nienaber, *Vader Kestell...*, p. 91.

15 PJ Strauss, *Uitdrukkings op die Nasionale Vrouemonument gewee* (Bloemfontein, Druforma, s.a.), pp. 10-11.

16 MCE van Schoor, *Die Nasionale Vrouemonument...*, pp. 16, 17.

17 MCE van Schoor, *Die Nasionale Vrouemonument...*, p. 2.

18 *Nasionaal Vrouemonument, Programma en Algemene Regelingen 1913* (s.a., s.n.); PJ Strauss, *Uitdrukkings op die Nasionale Vrouemonument...*, p. 6.

bekende 1933-vertaling.¹⁹ Hiervoor tree hy in 1927 uit as rektor.²⁰

Behalwe dat die Afrikaanse Bybel van 1933 'n groot invloed op die vorming van Afrikaans as skryftaal het, het dit ook lewensbeskoulige, kerklik-godsdienstige en politieke invloed onder veral Afrikaners. Dit word die Bybelvertaling waarmee Afrikaners die hele lewe benader. Vader Kestell se woordkeuse blyk ondermeer uit die liefde van I Korintiërs 13 wat nie “opgeblase” is nie.²¹

Reeds vanaf sy dae in Kimberley spreek die armoede en finansiële nood van mense – veral Afrikaners – Kestell sterk aan. Na die Oorlog vergesél hy generals Botha, De Wet en De la Rey om geld vir verarmde Afrikaners en Afrikaanse weeskinders in Europa in te samel. Hy speel 'n leidende rol in die Helpmekearfonds vir die delging van die skuld van die Rebelle van 1914 - 1915, die Reddingsdaadbond en die stigting van Ons Kinderhuis in Bloemfontein. In Januarie 1915 neem hy sterk leiding by die Ned Geref Kerk se Raad van Gefedereerde Kerke om Afrikaners na die verdelende Rebelle met mekaar te versoen.²²

Dwarsdeur die Oorlog, die Rebelle en later, identifiseer Vader Kestell met sy eie mense²³ én gee hy leiding oor lewensbeskoulige, aktuele kwessies. Intussen sit hy sy gedagtes uiteen in sy talle geskrifte, skriftelik uitgewerkte preke en geleentheidstoesprake. Van Schoor wys op sy besondere styl, denke, strewes en gevoelens. Hy noem hom 'n ongekompliseerde persoon van ongekwalfiseerde eenvoud.²⁴

Kestell en die taak van die veldprediker

Oor sy ervaringe as veldpredikergedurende 1899 tot 1902 stel Kestell dit prontuit dat hy hom onder die burgers of Boere bevind het as 'n predikant. Hy het nooit soos 'n soldaat opgetree of hom met krygsake bemoei nie. Hy

19 In die eerste 18 maande na sy verskyning word daar 250,000 eksemplare van die 1933-vertaling versprei. Teen 2008 styg hierdie syfer na 7,000,000, MCE van Schoor, *Marthinus Theunis Steyn...*, p. 153.

20 PJ Nienaber, JD Kestell, J Daniel, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I* (Kaapstad, Tafelberg, 1976), pp. 441-442.

21 PJ Strauss, “Die geskiedenis, aanvaarding en impak van die Afrikaanse Bybel van 1933 – 'n oorsig”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(3), pp. 741-744.

22 PJ Nienaber, JD Kestell, J Daniel, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I...*, pp. 441-442.

23 Op Kestell se aansluiting by die Harrismith Kommando is reeds gewys. As lid van die sogenaamde Vrystaatse Driemanskap sou Kestell deurgaans liefde, agting en 'n voorkeur vir president MT Steyn as sy selferkende geestelike mentor en 'n bewondering vir die krygsvernuf en daadkrag van generaal CR de Wet toon, JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, pp. 94, 95, 164, 173; MCE van Schoor, *Johan Daniel Kestell...*, pp. 73, 74, 88, 95, 111. Uit Kestell se lewe blyk sy liefde vir die Vrystaat en sy mense as sy vaderland asook 'n groot bewondering vir die *Boerenvrouwen* in hulle hardnekkige weerstand teen Britse aggressie. Vergelyk JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 52.

24 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 10.

was dikwels midde-in gevegte, maar sonder 'n wapen met 'n sakkie verbande en 'n waterbottel.²⁵ Hy het ambulanswerk gedoen, pyn probeer verlig, wonde verbind, dorstigtes se dors geles en sterwendes met tekste uit die Bybel en met gebede bygestaan. Hy het dit egter as sy vernaamste taak gesien om die burgers in hulle geestelike lewe te versterk. Op Sondae en in sommige weke het hy dikwels by meer as een kommando gepreek of, waar dit moontlik was, bidure gehou.²⁶

Tydens 'n besoek aan Harrismith op 19 Junie 1900 bied president Steyn vir Kestell 'n veggeneraalskap aan. Vir Kestell is dit 'n verrassende aanbod waaroor hy eers wil bid voordat hy besluit. Twee dae later skryf hy 'n brief aan die president waarin hy die generaalskap van die hand wys.²⁷

...omdat ik mij met de uiterste zorg onthield... van eenige inmenging met zuivere krygszaken. Ik hield mij uitsluitlik bezig de burgers krachtdadig aan te sporen den heilige oorlog te strijden, en dit vooral uit een godsdienstig oogpunt.

Tydens die Slag van Platrand op 6-7 Januarie 1900 met die Boere se beleg van Ladysmith, verbind Kestell 'n gewonde Tommie of Engelsman. Op laasgenoemde se "I feel easier now" laat 'n sersant van die Imperial Light Horse wat alles aanskou en uitgevind het wat Kestell se nering was, hoor: "You are preaching a good sermon today". Kestell het sy optrede as sy Christelike plig beskou. Vir hom was dit nie 'n buitengewone daad nie, omdat hy geglo het dat hy ook vir gewonde "Engelschen" moet sorg.²⁸

En tog, so vertel Kestell, "streed ik in den grooten strijd (van die Boere) harteljik mede". Hy het tydens gevegte nie net gewondes versorg nie, maar die burgers ook bemoedig vir die stryd. Hy het saam met hulle baklei, maar op 'n ander manier. Met al die krag waaroor hy beskik – sy woorde – het hy die burgers by elke moontlike geleentheid moed ingeprepraat en tot volharding aangespoor. Hy het immers geglo in die regverdigheid of Christelike verantwoordbaarheid van die saak van die Boerepublieke, in die "heilige zaak" van hulle onafhanklikheid.²⁹

Omdat sy dienste in die kommando's of veldprediking vir hom 'n prioriteit was, vermeld hy talle hiervan in die verloop van sy boek *Met de*

25 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 4.

26 MCE Van Schoor, *John Daniel Kestell...*, pp. 76, 109, 113.

27 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 88.

28 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 38.

29 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 4.

Boerenkommando's. Behalwe Sondaes se veldkerk, hou hy by geleentheid ook begrafnisse, bid- en dankdienste en kerkdienste vir die vroue in die dorpe. Aan die begin van die oorlog lewer hy nog verslag in *Die Fakkell*, die blad van die Vrystaatse Ned Geref Kerk wat daarna vanweë die Oorlog tot stilstand kom, oor die stand van godsdiens in die Boerelaers. 'n Sentrale tema in sy prediking is dat die Here 'n Redder uit nood is en Sy geloofsvolk nooit in die steek laat nie. God se komende koninkryk met sy vrede en reg sal hierdie onregverdige bedeling vervang. Hy stel dit dat: "Mijn plicht was om aan te moedigen en op God te wijzen" en dat God sê "Ik wil niet dat het Afrikaansche volk vertreden zou worden".³⁰ Uit "een godsdienstig oogpunt" kon Kestell die Boererepublieke se oorlogspoging steun en die burgers aanmoedig. Vir hom was 'n geregverdigde oorlog – uit 'n Christelike oogpunt – ook 'n heilige oorlog. By implikasie staan God se koninkryk met sy reg teenoor die Britse Ryk met sy onreg, en laasgenoemde gaan verby. In die situasie is die Boer se saak reg of staan hy aan die kant van die reg. 'n Reg wat binne die raamwerk van God se voorsienigheid nagejaag moet word, word, is geredeneer. Kestell was dit later eens met 'n sentrale uitdrukking op die Vrouemonument: *Uw wil geschiede...*³¹

Kestell ondersteun by geleentheid 'n versoek uit die ZAR dat die kommando's Donderdagsmiddae 15:00 afsonder vir 'n "volksbiduur" met danksegging, ootmoediging en smeking.³² Soos in 1838 by Bloedrivier was elke Vrystaatse burger waarskynlik ook 'n lidmaat van 'n kerk of, ten minste, een wat met die kerk assosieer. Daarom kon 'n volksbiduur gehou word. By die vredesamesprekings van die Boere in Mei 1902 by Vereeniging, hou Kestell 'n Sondagdiens. Hy is een van twee notulehouders van die samesprekings. Sy teks die Sondag is "Immers is my siel stil tot God" en "Die Here regeer". Vir hom was dit in hierdie diens onder hierdie omstandighede asof niemand luister of hoor nie. Hulle gedagtes was te besig met wat en wie (gedagtig aan die vroue en kindersterftes) hulle by hulle (verwoeste)³³ tuistes sal aantref en die feit dat hulle as republikeine nou "British subjects" word.³⁴ Kestell is ook 'n getroue

30 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, pp. 42, 52, 58, 70, 78, 84, 102, 104, 112, 114, 126, 171; MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, pp. 76, 77, 80, 82, 83, 87, 88, 99, 100, 110-11, 113.

31 PJ Strauss, *Uitdrukkinge op die Nasionale Vrouemonument...*, pp. 15-20.

32 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 118.

33 'n Resente syfer wil dit hê dat die Britse militêre beleid van 'n verskroeiende aarde tot die afbrand van ongeveer 80% (30,000) van die plase van die Boere gelei het. Die sterftesyfer in konsentrasiekampe "en elders" was, gegrond op resente navorsing, nader aan 34,051 as die 26,370 wat in 1913 by die oprigting van die monument in 1913 bekend was, C Reynolds, *Konsentrasiekampsterftes gedurende die Anglo-Boereoorlog* (Brandfort, FAK, 2013), p. 122; AWG Raath, *Onthou* (Brandfort, Kraal, 2012), p. 13.

34 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 130.

onderhouer van die bekende Gelofte van 1838. Hy doen dit voor die Oorlog in Kimberley én op kommando. By so 'n geleentheid preek hy uit Psalm 137. Israel se verlange na Jerusalem terwyl hulle as ballinge langs die riviere van Babel vertoef, pas hy toe op die “vaderlandsliefde” van die Voortrekkers: “ons schoon land land rechtvaardigt zulk vaderlandsliefde”.³⁵ Die identifisering van die saak van Christen-Afrikaners of die Republiek van OVS met die saak van Israel, leef sterk by Kestell. As veldprediker kom sy boodskappe dikwels uit die Ou Testament.³⁶ Hy is deel van 'n Afrikanerdenkskool wat Paul Kruger insluit en hierdie parallel onkrities as 'n gegewe aanvaar.³⁷

Hoe het Kestell sy pro-Vrystaatse gesindheid in die Oorlog met sy geloof versoen?

Kestell en die Republiek van OVS se deelname aan die Anglo Boere Oorlog

Vir Kestell was die motivering van president MT Steyn op 22 September 1899 voor die Vrystaatse Volksraad oor waarom hy die Republiek van Oranje Vrystaat in 1899 in die Oorlog teen Brittanje aan die kant van die ZAR wil inneem, in die kol. Kestell het hierdie “woorde” wat in *De Express* gepubliseer is, uitgeknipt en in sy sakboekie gedra vir gebruik te velde om burgers wat wanhoop, te motiveer.³⁸

Steyn het die vraag gevra:³⁹ “Hebben wij een rechtvaardige zaak?”

Vir die Vrystaatse president was 'n oorlog van die “twee zwakke” republieke teen die magtigste ryk in die wêreld van daardie tyd, glad nie 'n ligte saak nie. Volgens Steyn gaan dit vir die destydse Britse imperialistiese bewind oor die teorie van 'n Britse “*Paramount power*” in Suid-Afrika wat alle state en volke in die gebied onder sy beheer wil kry. Die teorie bou op 'n Britse meerderwaardigheidsgevoel wat hulle Darwinisties-evolutionêr regverdig.⁴⁰ President Steyn oordeel dat die Britse verklaarde geskille wat volgens hulle tot 'n oorlog moet lei, oordrewe is, langs diplomatieke weg opgelos kan word en nie 'n oorlog tussen Christennasies regverdig nie.⁴¹ Die kwessie van stemreg

35 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, pp. 71, 115.

36 PJ Strauss, “Volksbande of etiese gronde...”, *Kaleidoskoop 2000* (Bloemfontein, UV, 2000), pp. 106-107, 112.

37 JS Bergh, *Paul Kruger. Toesprake en korrespondensie van 1881-1900* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2017), pp. 101-103.

38 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 74.

39 *OVS Volksraadsnotule*, 22 September 1899, pp. 16-24; MCE Van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 74.

40 Dit gaan hier om die oorweging of stelling van *Die oorweging: The survival of the fittest...*, PJ Strauss, “Volksbande of etiese gronde...”, *Kaleidoskoop 2000* (Bloemfontein, UV, 2000), p. 103.

41 Aan die begin van die ABO verklaar Kestell in 'n onderhoud met *The Natal Witness*, “For England to have recourse to war would not be a sign of strength, it would show diplomatic weakness... The Boers are a wonderfully freedom-loving people, and they will never be willing subjects... even after war and defeat they would not be subjugated. They will not submit”, MCE Van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 73.

vir die uitlanders in die ZAR is 'n dekmantel omdat nie-Engelse uitlanders niks van Britse inmenging in die ZAR wil weet nie. Brittanje weier bowendien om enige redelike voorstelle van die ZAR oor die saak te aanvaar. Die Britte vrees dat die Afrikanerbond wat in die Britse Kaapkolonie aan die bewind gekom het, sy inspirasie by die Boererepublieke kry waar die “Afrikaander geest levend” gehou word. Die Britse vertolking van Britse susereiniteit oor die ZAR se buitelandse beleid ooreenkomstig die Pretoriase Konvensie van 1884, is ook misplaas omdat Brittanje alleen verdrae van die ZAR met ander state as die Republiek van OVS, moet goedkeur. Die verdrae van 1889 en 1897 tussen die Republiek van OVS en ZAR waarin hulle onderneem om mekaar te steun in geval van 'n aanval van buite, val nie hieronder nie. Steyn beskou die beweerde geskilpunte soos deur Brittanje geopper as die redes vir die oorlog as 'n belediging vir die Christelike godsdiens en beskawing en 'n misdaad teen die mensdom. Die werklike Britse redes vir 'n oorlog is die vernietiging van die Republieke en daarmee die Afrikanervolk.

Wat Steyn betref verplig die Britse aggressie die Republieke tot 'n oorlog om oorlewing. Daarvoor het laasgenoemde kragtens die volkereg voor God 'n regverdige saak. Bowendien skend Brittanje sy eie woord en goeie trou omdat hyself die onafhanklikheid van die ZAR in 1852 en die Republiek van OVS in 1854 toegeken het. Vir Steyn is die Britse anneksasie van die diamantvelde by Kimberley in 1871 (Brittanje sou skadevergoeding hiervoor aan die Republiek van OVS betaal) en die ZAR in 1877, die Jamesoninval in die ZAR in 1895-1896 die Britse eis dat hulle regering die wette van die ZAR vir uitlanderstemreg moet goedkeur, sprekende voorbeelde van “onrecht en schandelijk geweld... gedurige verdrukking en inmenging”. Al is die ZAR die speerpunt van die Britse aggressie, sal die Republiek van OVS sy woord aan die ZAR soos gegee in 1889 en 1897, nakom. Al is die Vrystaat “klein en swak” is hy sterk genoeg om te staan by sy woord.⁴² Anders gestel, om sy selfrespek te behou, sal die Vrystaat as 'n Christelike staat sy woord hou en nie breek vanweë Britse aggressie nie.

Staatkundige integriteit teenoor blote magspolitiek

Kestell was dit hiermee hartlik eens. Vanuit sy oortuiging was staatkundige integriteit en regverdige regering belangriker as blote magspolitiek. Hierdie

⁴² *OVS Volksraadsnotule*, 22 September 1899, pp. 16-24; PJ Strauss, “Volksbande of etiese gronde...”, *Kaleidoskoop 2000* (Bloemfontein, UV, 2000), pp. 98-100.

boodskap sou hy uitdra in die Oorlog. Die bejaarde dominee Andrew Murray, die oudste leraar in die Ned Geref Kerk, én die oorgrote meerderheid van Kestell se kollegas in hierdie kerk, het hierdie standpunt met hom gedeel.⁴³

In sy *Met de Boerencommando's* noem Kestell die ultimatum van 9 Oktober 1899 'n protes teen onreg en “dwingelandij”. Daarmee het 'n klein volkie aan 'n grote gesê:⁴⁴

Gij zijt groot en machtig, en gij wilt door uwe macht mij onderdrukken; maar ik verklaar hier voor de gansche wereld dat macht niet recht is; en ik trotseer u!

Die geskiedenis van die Britse Regeringsoptrede teenoor die Republieke in die laaste helfte van die 19e eeu én die saamtrek van Britse troepe nou op die grense van die Republieke, regverdig volgens Kestell sy gevolgtrekking. Ongeag die ZAR se ultimatum, soek die Britte 'n oorlog teen die Republieke. Milner en kie het dit met hulle morele steun aan die Jamesoninval bewys. Wat op hierdie stadium nie breër bekend was nie, is dat die Britse Regering reeds op 22 September 1899 – die dag van president Steyn se motivering in die Vrystaatse Volksraad vir hierdie staat se hulp aan die ZAR – op 'n oorlog teen die ZAR besluit het. 'n Ultimatum is opgestel, maar sou teruggehou word totdat sekere Britse troepe in Suid-Afrika in posisie was.⁴⁵

Dit is waarskynlik Kestell wat in *De Fakkel* van 2 November 1899, saam met die kommando's tydens die beleg van Ladysmith, in die gees van MT Steyn beweer dat die Boere die onafhanklikheid van die Republiek van OVS “ten eenigen prijs” sou handhaaf, al weet hulle nie of hulle van die slagveld sal terugkeer nie. Hy noem die Republiek van OVS se onafhanklikheid⁴⁶ “het pand door God aan ons toevertrouwd”. In dieselfde asem veroordeel hy Chamberlain, Milner en kie as vals en onregverdig. Hulle wat hulle bose septer oor “ons land en volk zoek te zwaaien”. Hulle koning is die afgod Mammon, die geldgod.⁴⁷

In sy brief van 24 Oktober van 1899 aan die “*British nation*” skryf Kestell dat die oorlog nie die Boere se vryheidsdrang sal vernietig nie. Ondanks talle terugslae en ontberings in die verlede het hulle weer opgestaan. Pogings om die Afrikaner te vernietig oortuig hom net meer dat God hom in hierdie deel van die wêreld geplaas het en dat sy voortbestaan verseker is. Selfs al sou die

43 PJ Strauss, “Volksbande of etiese gronde...”, *Kaleidoskoop 2000* (Bloemfontein, UV, 2000), pp. 97, 103-109.

44 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, pp. 5-6.

45 F Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902...*, p. 13.

46 *De Fakkel*, 2 November 1899, p. 92.

47 *De Fakkel*, 28 Desember 1899, p. 123.

ABO die Republieke uitwis. “... *if you desired to crush the life out of us, you should have done so when we crossed the Orange River in 1835 and 1836*” – met die Groot Trek. Al wat die anneksasie van die ZAR in 1877 bereik het, was om die eenheid tussen die ZAR en die Republiek van OVS te versterk. Die eenheid onder Afrikaners bestaan deur die hele Suider-Afrika: van die Zambesi tot in Tafelbaai. As die Afrikaners in die Britse kolonies tussen Britse belange en hulle eie “*flesh and blood*” moet kies, gaan eersgenoemde tweede kom. Die Britte is die mees vrye nasie ter wêreld, maar kan nie insien dat die vryhede van ander ook ’n reg op bestaan het nie.⁴⁸

By Kestell staan die reg op onafhanklikheid van die Boererepublieke deurgaans voorop. ’n Reg wat hy met sy Christelike geloof versoen. So ernstig is hy oor hierdie onafhanklikheid dat hy die Britte ook toevoeg:⁴⁹

‘... Defeat to you would be a calamity; defeat to us extermination. We have counted the cost, but we are ready to incur it, because we believe that we are people destined to exist in South Africa by the grace of God... should you defeat us now, we shall not cease to be as we did not cease to be when Dingaan massacred us, when you robbed us of Natal... we as people have a mission to fulfil in this country... our race shall inherit the land for which we are about to die...’. Die Boere glo immers in ‘...the Almighty and everywhere present power of God...’

Min het Kestell toe kon weet dat sy aanvoeling reg en sy woorde profeties was. Daarby raak die hele oorlogssituasie – die redes, partye betrokke en afloop – sy opvatting dat God in sy voorsienigheid begenadig en voorsien. Hoewel Kestell sy oortuiging van die Afrikaner as ’n geroepene nie formuleer asof hy gelyk is aan die Ou Testamentiese Bondsvolk van God nie, glo hy aan ’n Goddelike roeping of taak vir hierdie volk aan die suidpunt van Afrika. ’n Roeping wat inpas by die gereformeerde oortuiging van *Soli Deo Gloria* in alles wat gedoen word en waarvoor hy parrallele in die Ou Testament sien. ’n Roeping wat hy nog nie verder uitspel as die worsteling om staatkundige onafhanklikheid nie. Politiek en oorlogmaak, volkskultuur, die gees van ’n groep mense en die voorsienigheid van God bind hy saam in die visie dat die Afrikaner die suidland sal beërwe. Vir Kestell loop Afrikanereenheid oor politiek-geografiese grense. En hoewel Afrikaners staatkundig-polities kan verskil, het hulle in hulle godsdiens, taal en kultuur dieselfde waardes.

48 MCE Van Schoor, *John Daniel Kestell...*, pp. 78-79.

49 MCE Van Schoor, *John Daniel Kestell...*, pp. 79-80.

‘n Moontlike gevolgtrekking: As jou onafhanklike republiek (staat) deur ’n oorlog vernietig word, beteken dit nie die einde van jou roeping op ’n bepaalde plek, van jou kulturele lewe en strewe nie.⁵⁰ Die Oorlog kan die Boererepublieke vernietig, maar dit beteken nie die einde van Afrikanerselfrespek en –ideale nie. Later sê Kestell⁵¹ dat die impak van die Oorlog op die volksbewussyn van die Afrikaner die emosionele uitgangspunt sou vorm vir ’n nuwe bedeling in die “nasionale ontwikkeling van my volk”. Hierdie oortuiging blyk ook uit die uitdrukkings aangebring op die Nasionale Vrouemonument soos onthul in 1913. Die Monument dra die woorde “Uw wil geschiede”, “Ik zal u niet begeven en u niet verlaten” sowel as “Voor Vryheid, volk en vaderland” as ’n lewenshouding. Volgens sy inisieerder en vader, MT Steyn, wys die monument – nie maar net soos genoem – op die triomferende martelaarskap van duisende vroue en kinders in die ABO nie, maar ook op die toekoms van die Afrikaner onder die voorsienige hand van God.⁵²

Kestell het as veldprediker en godsdienstige leier ’n vertolker van die gemoeds- en geestelik-kulturele tendense in sy mense geword. Omdat hy met die gees van hierdie mense in die Oorlog gewerk en pastoraal solidêr met hulle gevoel het, kon hy hulle gemoedsgolwe van binne uit op sy eenvoudige, fyn onderskeidende manier waarneem. Sy noue kontak met president Steyn en generaal De Wet het hom ook kennelik in staat gestel om die Oorlog van ’n sentrale uitkykpunt te beleef.

Gods voorsienigheid en die gemoedstemmings van Kestell in die Oorlog

Kestell het van die begin van die Oorlog af dagboek gehou van sy wedervaringe op kommando. Hierdie dagboek saam met sy “spaaider” en ander besittings het egter op 6 Junie 1901 by die Slag van Graspan naby Reitz in die slag gebly. Kestell was vir sewe ure ’n krygsgevangene en is deur Britse offisiere behandel op ’n manier wat hy later verontwaardig afwys.⁵³

Gevolgtrek moes hy sy dagboek en ervaringe vanuit sy geheue oorskryf: Soms op ’n tafel, soms op ’n vensterbank, maar meestal op die kis van sy “kar”. Hier het hy op die buikplank ingekrimp gesit – tot groot vermaak van sy seun Charlie.⁵⁴

50 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 148.

51 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 141.

52 MCE van Schoor, *Die Nasionale Vrouemonument...*, pp. 2, 3.

53 MCE Van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 109.

54 MCE Van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 113.

Hierdie dagboek verhaal Kestell se gemoedstemming in die ABO in sy daaglikse saamleef met die Boerekommando's.

Kestell se *Met de Boerenkommando's* en Van Schoor se *John Daniel Kestell* is altwee in die eerste persoon vanuit die hoek van 'n outobiografie geskryf. Kestell se herstelde dagboek sou natuurlik die vernaamste bron vir sy boek in 1902 wees, terwyl Kestell se werk dit vir die boek van Van Schoor sou wees. Geskryf in die eerste persoon gee beide die beeld van 'n stabiele karakter met 'n eenvoudige, sterk geloof in die genadige en voorsienige God van die Bybel. 'n Eenvoud wat nie net sy geloof en lojaliteite (aan God en mens) kenmerk nie, maar ook sy ontleding en verstaan van persoonlike en volksake.

Kestell erken spontaan sy bewondering vir president MT Steyn as iemand wat altyd optimisties en vol moed was. Hy beny mense soos Steyn en De Wet “wat hulle nooit aan twyfel oorgegee het nie”.⁵⁵ Ten spyte van sy geloofs- en emosionele stabiliteit “stamp” sekere gebeurtenisse in die Oorlog hom egter.

Met die swaai van die konvensionele fase van die Oorlog in die Britte se guns teen Februarie – Maart 1900, 'n swaai wat uitloop op hulle inname van Bloemfontein as die hoofstad van die Republiek van OVS, praat Kestell van “donkere dagen”. Tog was niemand van die Boererepublieke, aldus Kestell, “diep neerslachtig” nie. Almal het geglo dat daar nog 'n wending in die oorlog sou kom. Ver al die Boervroue op die plase was “zoo vol moed als ooit tevoren”. Hulle het mannewerk op die plase gedoen, geploeg, geplant en gesaai met so 'n oes dat mens en dier nog maande daarna daarvan kon leef. Die moed van die vroue het die manne laat besef dat hulle nie kan oorgee na die eerste terugslae nie.⁵⁶

Sondag 29 Julie 1900 was vir Kestell “de treurigste dag in de geschiedenis van onzen oorlog”. Op hierdie dag gee generaal Marthinus Prinsloo met 'n ongeveer 4000 duisend Vrystaters oor by – soos dit later bekend word – Surrender Hill op die Basoetoe grens tussen Fouriesburg en die huidige Clarens.⁵⁷ Vir Kestell is die groot oorsaak van die onvoorwaardelike oorgawe van Prinsloo Boere-onwilligheid en -onenigheid. 'n Onwilligheid om die kans aan te gryp wat na hulle kant toe kom en onenigheid oor krygsleiding. Kestell noem die volgende twee weke die “droevigste” van sy lewe.⁵⁸ Hy raak

55 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 111.

56 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, pp. 52-53.

57 Hierdie heuwel is aan die noordwestelike kant van die Brandwaterkom, P Grobler *et al*, *Clarens 1900-2000* (Pretoria, Kitskopié, 2000), p. 39.

58 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 74; CR de Wet, *Die stryd tussen Boer en Brit* (Kaapstad, Tafelberg, 1959), p. 94.

terneergedruk, wanhopig en beleef ’n diep emosionele geloofstryd. Voor God is die stryd van die Republieke geregtedig, maar nou... Wat nou Here? Later verstaan hy iets van “Uw wil geschiede...”. Sy geloof in God wat begenadig en voorsien seëvier eventueel en help hom deur die krisis. En, volgens eie getuigenis, sou hy nooit weer tydens die Oorlog in wanhoop verval nie.⁵⁹

Die merkwaardige van Kestell se gemoedstemminge soos deur homself weergegee is dat dit nooit om persoonlike sake nie, maar “volks-” of gemeenskapskwessies draai. Hierdie waarneming is moontlik ’n aanduiding dat sy persoonlike kwessies vir sy bediening as predikant en veldprediker moes terugstaan. Dat hy nie toegelaat het dat sy persoonlike sake sy lewenstaak of beroep kortwiek nie.

Dat Kestell positiewe elemente van sy persoonlike lewe ook by sy verhaal betrek, blyk uit sy verwysings na sy vrou Truida en seun Charlie. Truida was die een met wie hy ernstig saamgebied het oor die vraag of hy die Harrismithers “op die front” geestelik moet gaan bystaan. Sy diepe omgee, gehegtheid aan en waardering vir haar, sou hom bybly. Nadat hy op 2 Augustus 1900 “swaar” van Truida en drie kinders na ’n besoek aan die pastorie op Harrismith afskeid geneem het, het hy haar vir twee jaar nie weer gesien nie.⁶⁰ Sy tienerseun Charlie het nou egter daarop aangedring om hom na die kommando te vergesél. Moontlik ’n aanduiding van die patriotiese huis waarin Charlie – soos baie ander Vrystatertjies – groot geword het. Charlie se teenwoordigheid op kommando sou Kestell emosioneel troos in die afwesigheid van sy gesin. Die klein woordjie “troos” is al wat Kestell in sy weergawe van die gebeure vermeld. Hy en Charlie was 15 maande saam voordat Charlie as penkopkrygsman gevang en oorlede is.⁶¹

Ik weet niet of vader en zoon ooit zoo geknocht aan elkander waren zoals hij en ik. Hij was niet zoon alleen. Hij was vriend en kameraad. Zeer vertroulijk ging hij met mij om. Ik geloof dat er niets was waarover hij mij niet spreken kan en sprak...

Ander seuns op kommando het by hulle maats in die veld geslaap, maar Charlie by sy pa. Alles tussen die seun en sy pa is soos met ’n diamant op Kestell, soos hy dit self stel, se hart gegraveer. Die tyding van sy dood sou vir Kestell soos ’n pyl in die hart tref...

59 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 111.

60 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, pp. 80, 92.

61 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 92.

Ook in die familiefaset van sy lewe as veldprediker in die jare 1899-1902 sou Kestell uit die genadige voorsienigheid van God Drieënig lewe. 'n Voorsienigheid waarop hy skerp en wakker ingestel was. JD Kestell het sy taak as veldprediker ook verweef met respek en 'n fyn aanvoeling vir sy medemens. Vir hom was die persoonlike kante van mense belangrik en as hy oor hulle skryf, skryf hy ook daaroor. Selfs sterk afkeur het nie van hom harde woorde of snydende kritiek ontlok nie, maar beheersde, beslisde terugvoer. Sy hofflikheid teenoor klaarblyklike bars, ongenaakbare Engelse offisiere by Graspan nadat hy homself doelbewus bedwinging het, het hulle vriendelik teenoor hom gestem.⁶²

Sy verhouding met president MT Steyn en generaal CR de Wet was vir hom goud werd. Dit blyk al uit die manier waarop hy na hulle verwys.

Deel van die Driemanskap

Daar is reeds gewys op die Vrystaatse Driemanskap in die Oorlog: MT Steyn die staatsman en kultureel-ideologiese leier, CR de Wet die krygsman en militêre leier en JD Kestell die predikant en godsdienstige leier. Elkeen van hulle het die terrein van die ander twee erken en eerbiedig. Steyn sou president met die steun en erkenning van die ander twee bly tot 'n ernstige kwaal hom by die vredesamesprekings in Mei 1902 neergevel het. De Wet sou die krygsleier bly wat die verbeelding en respek van vriend en vyand in die guerillafase van die Oorlog aangryp met die ander twee wat volg en Kestell was die dominee en geestelike vertroueling – van beide Steyn en De Wet – en talle ander: hy was die wordende Vader Kestell.

Vir Kestell was Steyn 'n pure man en die president wat hy die eerste keer by 'n Vrystaatse Sinode van die Ned Geref Kerk ontmoet het. Later word Steyn sy “beminnelijken en volhardende president”,⁶³ vriend, geesgenoot en mentor⁶⁴ in wie se Oorlog-“lager” hy sedert 24 Oktober 1901, op uitnodiging van die president, beweeg het. Hierdie uitnodiging was per brief waarop Kestell “dadelijk op reis” (hy kon nie wag nie...) daarheen gegaan het.⁶⁵ Volgens Kestell het niemand naas die Bybel op sy eie openbare en volkslewe 'n sterker

62 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 107.

63 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, pp. 164, 172.

64 PJ Strauss, *Uitdrukings op die Nasionale Vrouemonument geweeg...*, p. 11; Kestell noem homself tydens die Oorlog 'n geesgenoot van president Steyn en generaal Hertzog, MCE van Schoor, *John Daniel Kestell*, p. 201.

65 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 172.

invloed gehad as “Marthinus Theunis Steyn” nie.⁶⁶ By Steyn se begrafnis in 1916, ’n diens wat deur Kestell gelei is, noem hy Steyn ’n man van God wat tot die wese van dinge kon deurdring. As teks neem hy Klaagliedere 5:16: “De kroon onzes hoofds is afgevalle!”⁶⁷ Later noem hy Steyn se geestelike krag, vergesigte oor die toekoms van sy volk en insig in nasionale kwessies “verbluffend”.⁶⁸ Vir hom was dit sielsverheffend om op kommando met die president te gesels oor die oorlog, die toekoms van die Boerepublieke en Suid-Afrika in die algemeen.⁶⁹ Die president se reaksie op Kestell se bedanking van sy aanbod om ’n generaal te word, sal die veldprediker nie vergeet nie.⁷⁰

... van vandag af beskik ek in De Wet in ’n generaal duisend op die krygsakker en in u, dominee, ’n generaal duisend op die geestelike akker.

Met ’n ernstig siek Steyn se vertrek van die vredesamesprekings in Mei 1902 hardloop Kestell sy rytuig agterna om sy mentor te groet. Hy kon hom nie laat gaan sonder ’n laaste handdruk nie.⁷¹

Kestell die predikant, geestelike leier en akademikus het ’n ander soort verhouding en bewondering vir generaal De Wet gehad.

Weliswaar noem hy Steyn en De Wet in dieselfde asem as hy dit het oor bittereinders.⁷²

Als er niet zulke menschen op aarde waren als President Steyn en Hoofdcommandant de Wet, dan zou er niets, dat schijnbaar onmogelijk is, ooit tot stand komen...

Tog dig hy ander eienskappe aan De Wet die krygsman as aan Steyn die staatsman toe.

Na die oorgawe van Marthinus Prinslo op 29 Julie 1900 by Surrender Hill is die oorgeblewe Boere begerig om De Wet te sien. Hy besoek die laer waarin Kestell hom bevind op Sondag 23 September 1900 teen drie uur die middag. De Wet is nie ingenome toe die offisiere hom ’n adres van waardering aanbied nie. Hyself is nie gesteld op sulke dinge nie en verklaar dit in die openbaar – tipies van De Wet – aan die inisieerders. Daarna spreek hy die burgers in, ala Kestell, sy aangename, helder en pittige styl toe. Ook hy – soos Kestell –

66 MCE Van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 253.

67 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 250.

68 MCE Van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 342.

69 MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 114.

70 MCE Van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 89.

71 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 269.

72 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 164.

voer aan dat hy op God vir hulp vertrou en dat die Here nie sal toelaat dat die Afrikanervolk verdwyn nie. Hierdie oortuiging moet die Boere egter nie sorgeloos maak nie. Dit moet eerder 'n spoorslag wees vir elkeen om sy plig te doen. Elkeen moet bereid wees om alles te offer op die altaar van vryheid: geld, goed, gemak, die lewe. Die beste wat die Boere teenoor die Britse oormag kan doen is om hulle te teister. De Wet word volgens Kestell in 'n gespanne stilte aangehoor en hy as herder en veldprediker sien dat dit nie die boodskap is wat almal wou hoor nie.⁷³

Daarby onderstreep De Wet ook Kestell se houding dat die verlies van staatkundige onafhanklikheid nie tot 'n verlies aan kulturele identiteit hoef te lei nie.

Die volgende dag is De Wet by die krygsraad. Volgens Kestell het van die Boere gemeen dat De Wet 'n soort *deus ex machina* is wat alles reg sou toor. De Wet se houding is egter nie die slagspreuk "Alles sal regkom" (van president Brand, 1864 - 1888, nie)⁷⁴ nie, maar alles moet – deur onself – reg gemaak word. In plaas van 'n boodskap van vrede, vrede en 'n gemaklike lewe wys De Wet op opoffering en plig!⁷⁵

Kestell steun De Wet as krygsleier byna onvoorwaardelik omdat hulle geesgenote is. Daarom stem hy in Augustus 1900 in toe De Wet versoek dat hy die burgers toespreek nadat die hoofkommandant die Engelse laat weet het dat iemand wat gevang word dat hy 'n plaashuis afbrand en weerlose vroue en kinders wegvoer, doodgeskiet sal word.⁷⁶

Later is dit Kestell, soos hy dit self uitdruk, se genot om in die omgewing van Vredefort drie ure lank by De Wet te wees. Tipies van die geestelike herder Kestell, vra hy homself af wat die geheim van De Wet se krag is. Kestell se antwoord aan homself:⁷⁷

... terwijl hij met een ieder vriendelijk was, was hij met niemand intiem.
Dan, zooals alle groote leiders, is hij zoo geheimzinnig als de Sfinx.

In die voorwoord tot sy *Met de Boerencommando's* verduidelik Kestell dat hy die amptelike notule van die Vredesamesprekings in Mei 1902 as 'n aanhangsel wou byvoeg. Hy was immers een van die notulehouers. Dit sal nou egter in De Wet se *Die stryd tussen Boer en Brit* verskyn. Kestell was klaar

73 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 94; MCE van Schoor, *John Daniel Kestell...*, p. 95.

74 MCE van Schoor in SABW I, pp. 114-121.

75 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 95.

76 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 102.

77 JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, p. 100.

met sy eie boek oor die oorlog, maar het op aandrang van die uitgewer in Amsterdam, Wormser, opsy gestaan sodat De Wet se boek eerste gepubliseer word. Laasgenoemde was daarop 'n groot treffer in Europa en het in ses tale verskyn. Boonop het Kestell sy eie boek eers gelaat om diè van De Wet te redigeer en taalkundig te versorg.⁷⁸

Kestell as veldprediker gewees

Die feit dat Kestell nie gevegswapens gedra of aktief aan gevegte deelgeneem het nie én die aanbod van president Steyn om 'n generaal te word, bedank het, dui daarop dat hy as veldprediker by sy voorneme gebly het om sy mense geestelik te bearbei en te versterk. Hy erken natuurlik dat hy die saak van die Boererepublieke vanuit sy Christelike oortuigings gesteun en dat dit in sy geestelike werk meegespeel het. Hy het die burgers telkens bemoedig om te volhard in hulle – uit sy godsdienstige oogpunt – “heilige oorlog”. Sy donkerste dae in die Oorlog – soos self erken – was tydens militêre terugslae vir die Boere. Hy het die visie van Steyn en De Wet gedeel dat sy verlies aan staatkundige vryheid en onafhanklikheid nie die einde van die Afrikaner as 'n eie volk en taalgemeenskap sou beteken nie. Laasgenoemde was immers oòk 'n geskenk van die voorsienige God. Hierdie God was 'n hulp in nood en sou steeds voorsien.

Kestell was in die oë van die Afrikaners en sy biograaf, MCE van Schoor, 'n bittereinder.

Dat Kestell die lieflingsnaam “Vader Kestell” onder sy kultuurgenote verwerf het, ondersteep sy pastorale ingesteldheid as 'n kerk- en godsdienstige leier. As 'n minsame prediker en 'n bekwame waardeerder van mensekwaliteite het Kestell sy plek onder die Vrystaatse Driemanskap rondom die Oorlog ingeneem en verdien.

⁷⁸ JD Kestell, *Met de Boeren-commando's...*, voorwoord.